OPTREDE DEUR

die vyand se geledere gesaai word. Die Voorsitter voeg by dat, indien Frankryk 'n inisiatief kan neem, dit hom miskien sal weerhou van deelname aan drukgroepe teen ons by die VN. Voorts sê hy dat ons in elk geval graag wil hê dat die Franse, soos ook die Britte en die Duitsers, na Suidwes-Afrika moet kom om self meer van die realiteite te wete te kom.

Die vergadering besluit dat samesprekings met Frankryk en 'n paar goedgesinde Afrikastate, as Savimbi se posisie ook daarby betrek kan word, nie verkeerd sal wees nie. — MINISTER R F BOTHA

6. AGENDA-ITEM 3 : TOESTAND IN RHODESIË

Genl Malan deel mee dat die toestand in Rhodesië nog baie vloeibaar bly, dat Robert Mugabe al meer by stedelike terrorisme betrokke raak en dat as hy die verkiesing wen, dit verwag word dat die Blankes op die vlug sal slaan. Genl Malan sê voorts dat dit nie verwag word dat die Goewerneur enigiemand sal verbied om aan die verkiesing deel te neem nie, en dat die pers en die BBC groot linkse steun uitoefen.

As 'n voorbeeld van die pers se rol, meld Minister R F Botha dat waar "Die Burger" berig dat 15,000 persone Josua Nkomo se finale saamtrek in Gwelo bygewoon het, die "Cape Times" die getal op 200,000 skat.

In die bespreking wat hierop volg, deel dr Loubser mee dat die vragverkeer tussen die RSA en Rhodesië in beide rigtings goed is, veel beter as enkele maande gelede.

Die vraag, wanneer die Britte Rhodesië gaan verlaat, word ook bespreek en dr Fourie deel mee dat die konstitusionele stappe wat op die verkiesing moet volg, na verwagting tot aan die einde van Maart sal duur. Die Voorsitter wys daarop dat dit natuurlik sal afhang of hulle gaan begin skiet in Rhodesië. Die huidige Rhodesiese weermag moet die situasie in stand hou. Die Voorsitter versoek dat Staats=veiligheidsraadlede die volgende 8 dae beskikbaar moet wees as daar dalk skielik vergader moet word. — ALMAL

Verder sê hy dat, as daar 'n vlug uit Rhodesië is, ons gereed moet wees om die vlugtelinge te versorg. — SEKRETARIS

Die Raad keur goed dat Minister R F Botha die Britte dadelik nader om te vra dat hulle die kos=tes van die vlugtelinge dra. — MINISTER R F BOTHA

OPTREDE DEUR

Die Voorsitter sê voorts dat, as biskop Muzorewa wen en woordhou, ons sal voortgaan om klandestiene hulp te verleen. Maar ons moet ons nie "laat Viëtnam" in Rhodesië nie deur een na die ander bataljon daar in te voer en ons dood te bloei nie. As die situasie in Angola hom egter moet herhaal op die Blankes in Rhodesië, sal ons hulle moet gaan beskerm.

Dr Loubser vra dat, indien dit nodig is om SAL-vliegtuie na Rhodesië te stuur om vlugte=linge te gaan haal, hulle moet gaan op die basis dat die Regering hulle vir dié doel ge=huur het. Die Raad keur goed.

Met die oog op ŉ ontmoeting met die pers, ver=soek die Voorsitter dat dadelik vasgestel word hoeveel persone die saamtrek van Josua Nkomo bygewoon het, 15,000 of 200,000. Hy wil ook graag weet hoeveel biskop Muzorewa s'n bygewoon het. Dr Fourie onderneem om die RSA se missie in Salisbury te vra. DR FOURIE

7. MOSAMBIEK

Dr Fourie deel mee dat, na aanleiding van ons onlangse protes teen Mosambiek, laasgenoemde gevra het om met ons samesprekings te hou en dat dit op Woensdagoggend, 27 Februarie, in Maputo sal plaasvind. Hy voel dat ons hulle moet kon=fronteer met die feite wat ons het.

Die Voorsitter vra dat aan Mosambiek gesê word dat as hulle voortgaan om dinge te doen wat vir ons skadelik is, gepaste stappe teen hulle ge=neem sal word. Ons moet ŉ finale waarskuwing gaan gee. DR FOURIE

8. AGENDA-ITEM 4 : BISKOP TUTU

Minister Schlebusch deel mee dat biskop Tutu weer aansoek gedoen het om ŉ paspoort om hom in staat te stel om in Maart na Switzerland te gaan op uitnodiging van ŉ kerkorganisasie genaamd HEKS. Die vraag is of ŉ paspoort aan hom beskikbaar gestel moet word.

Die saak word bespreek in die lig van biskop Tutu se uitlatings oor ŉ boikot van Suid-Afrikaanse steenkool toe hy ŉ tyd gelede in Denemarke was, sy onlangse toespraak by die Universiteit van Kaapstad toe hy geweld ver=kondig het, en die hofsaak verlede week teen biskop Mokoena toe biskop Tutu se getuienis